Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns – hoe lyk ons nou?

Prof WAM Carstens
Voorsitter SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Stellenbosch, 12 September 2013

In my Voorsittersrede van 2012 in Pretoria het ek gepraat oor wat ons doen om die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns die 21ste eeu in te neem. Ek het toe gerapporteer dat ons as Akademie besluit het dat ons nie in die 20ste eeu agtergebly het nie, maar dat ons flink op pad is om ons plek in die 21ste eeu in te neem deur hoe ons dinge doen. Dit geld ook ons uitkyk op sake: ons kyk vorentoe, veral na hoe ons ’n besondere bydrae tot ons land se welvaart en bestuur kan maak. Dit wat verby is, kan ons nie verander nie, maar ons kan wel so leef en optree dat ons kan help om van die foute en ongeregtighede van die verlede reg te maak. En dat daar foute en ongeregtighede in die verlede gemaak is, kan ons nie ontken nie, ons durf dit nie ontken nie. Flip Buys van Solidariteit het by geleentheid in 2004 iets besonders gesê en dit moet ons onthou:

> Die Afrikaanse gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie toekoms en self aktief daaraan begin werk. Nie in isolasie nie, maar saam met geleentheids-vennote waar nodig en waar moontlik. Dit help nie om aan 'n afhanklikheids- of onttrekkingsindroom te ly nie. *Die verlede gaan nie terugkom nie, die hede gaan nie weggaan nie en die toekoms laat nie op hom wag nie*.

Ons as Akademie word daarom uitgedaag oor wat ons kan doen om volwaardig deel van die ‘Nuwe SA’ – wat vanjaar al 19 jaar oud is – te word. Die dilemma is uitgelig dat ons bydraes ook dikwels geïgnoreer word, maar dat ons nie gaan ophou om te klop aan die Suid-Afrikaanse deur nie, want ons HET ’n bydrae om te lewer, en ons WIL dit lewer en uiteindelik GAAN ons dit wel doen. Die rede is heel eenvoudig: ons is ook Suid-Afrikaners wat ’n reg het om hier te wees. Die Grondwet gee ons die reg om ons menswees in Afrikaans in hierdie land uit te leef en dit gaan ons met oorgawe doen. Soos die mense sê: “Watch this space!” Hier kom groot dinge vorentoe!

Verlede jaar was so ’n effense refleksie op waar ons vandaan kom: dat ons in 1909 gestig is; dat die Akademie sedert 1942 formeel bekend staan as die ***Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns***; dat ons twee fakulteite het waarin ons ons besigheid verrig; dat ons goed funksionerende, geakkrediteerde en veral gerespekteerde tydskrifte het; dat ons vandag ten spyte van ’n klein personeel ’n glad funksionerende Akademie is; dat die Akademie 'n groot rol gespeel in die vestiging en uitbou van Afrikaans, o.a. deur die opeenvolgende uitgawes van die AWS (waarin die veranderende Afrikaanse taal sorgvuldig opgeteken en bereël is), die woordeboeke wat oor die jare onder die vaandel van die Akademie saamgestel is, die ontwikkeling van terminologielyste oor 'n breë spektrum, die studiestukke oor Afrikaans as taal, die deelname aan talle gesprekke oor die taal en die talebedeling in Suid-Afrika, ook die SA ná 1994. Ek het ook klem gelê op die Akademie se aktiewe betrokkenheid by die uitbou van die wetenskap in SA, en dat ons dit in Afrikaans doen. Ons ken pryse toe vir uitnemende prestasie (soos die pryse wat moreaand oorhandig word en die pryse wat op 27 Junie vanjaar in Pretoria toegeken is).

Ons twee tydskrifte publiseer oorwegend in Afrikaans en hierdeur bied ons vir Afrikaanssprekende navorsers die geleentheid om hulle navorsing in Afrikaans bekend te stel. Hierdie tydskrifte is ook ISI-geakkrediteer en ons speel dus saam op die wêreldverhoog. Die Akademie se jaarvergaderings en simposiums gee geleentheid vir ervare én jonger navorsers om in Afrikaans verslag te doen oor dit waarmee hulle besig is. Ons studentesimposiums gee vir jonger mense die geleentheid om ’n moontlike eerste referaat in hulle moedertaal te lewer. Ons weet ook dat daar baie hoë waardering is vir ons toekennings – kyk gerus moreaand as die pryse oorhandig word om te sien hoe dankbaar mense is vir erkenning deur hulle eweknieë. Om deur die Akademie bekroon te word (juis omdat die Akademie so op uitnemendheid en gehalte ingestel is), is vir talle vereerdes die hoogtepunt van 'n loopbaan. Ten spyte van die feit dat ons in 'n tydvak is waar Engels die taal van die akademiese wêreld is, is die Akademie steeds daar vir Afrikaanssprekende navorsers, kunstenaars, skrywers – vir alle presteerders in Afrikaans.

Ek herhaal daarom hieroor wat ek verlede jaar gesê het:

> Ons vier vanaand opnuut die prestasies van die Akademie wat bewys gelewer het dat jy kan oorleef én 'n konkrete bydrae tot jou land kán lewer as kwaliteit en voortreflikheid jou uitgangspunte is.

Ek wil nie vanaand begin om ’n lys op te noem van dinge wat die regering verkeerd doen nie. U sal self so ’n lysie kan saamstel in u eie kring. Maar saam met u is ons bekommerd oor wat reeds verkeerd loop in die land, hoofsaaklik weens gebrekkige leierskap. Om te loop en kla en te kerm oor alles wat verkeerd is, gaan ons egter niks in die sak bring nie. Dit gaan ons net mismoedig maak en ons laat dink aan die verre weivelde van die buiteland. Dan kry ons ’n slagoffermentaliteit wat ons aan ons kinders oordra.

En wat gaan dit ons baat? Ons moet naamlik eerder kyk na wat ons kan DOEN om die land so te verander dat ons as Afrikaanssprekendes ook gereken kan word as positiewe mense in die land. Om te kla is maklik, maar om jou hand uit die mou te steek en self in te spring, is moeite! Nou ja, ons gaan moeite doen om hierdie land te laat werk. Ons as Akademie het lankal ons hande uit ons moue gehaal en ons werk lankal daaraan om van SA ’n beter plek te maak. Ons weet ons kry nie altyd die erkenning hiervoor nie, maar u wat in Afrikaans opgelei is en help om die land se ligte aan te hou, die land se brûe en paaie te bou, om universiteite funksionerend te hou, om ons hospitale aan die gang te hou, ons treine op die spoor te hou, ons kinders aan die leer te hou, ens. ens. lewer reeds ’n enorme bydrae tot ’n beter SA. Daarmee moet u asseblief aanhou. Doen dit nie net vir uself en u gesin nie, maar ook vir u land. Soos president Kennedy destyds (1963) in Berlyn gesê het:

> *Moenie vra wat jou land vir **jou** kan doen nie, maar vra eerder wat **jy** vir jou land kan doen*.

Vernuwe dus u denke saam met bestuur van die SA Akademie. Kom stel ook u **kundigheid** beskikbaar in die oplos van probleme in hierdie land. Moet nie weg staan van die skete van die land nie, maar kom dien saam met ons die land deur dit waarmee ons die beste is – ons *kundigheid*.

Hoe lyk dinge vir ons vorentoe?

Ek wil graag aan u ’n paar sake noem wat wys dat ons met ’n nuwe oog na die toekoms kyk.

- **Ons moet groot erns maak met transformasie**. En dit doen die Raad baie beslis. Die term ”transformasie” word so dikwels verkeerd verstaan – dat dit naamlik gaan om die vervang van een groep met ’n ander groep. Dit skyn die regering van die dag se siening te wees, soos geïllustreer in die onverkwiklike sage rakende Korrektiewe Dienste in die Wes-Kaap en verskeie sake in die SA Polisiediens. Ons by die Akademie sien dit weer eerder as ’n manier waarop ons **nuut** kyk na wat ons **doen** en ook **hoe** ons dit doen.[1]

  En in hierdie verband het die Akademie reeds sedert 2004 getransformeer by wyse van ’n plan op drie vlakke: eerstens in ons eie administratiewe strukture en prosesse waar onder leiding van prof Theuns Erasmus ’n baie platter administratiewe platform vir die Akademie geskep is; tweedens in die wyse waarop die mense na buite die Akademie ervaar, naamlik as ’n omgewing wat deur wit mans gedomineer word, maar ook hier is ons getransformeer omdat ons reeds hierdie beeld deurbreek het met ons huidige (vroulike) HUB, wat gewoon die regte kandidaat vir die pos was en nie omdat sy ’n vrou is nie. Dit gee al rede dat mense uit alle geslagsgroepe voortaan vir hulleself ’n rol in die SA Akademie sal sien.

  Derdens probeer ons ook die demografiese profiel van die SA Akademie verander, d.w.s. dat die *Akademie* in sy ledesamestelling meer divers moet wees wat betref *ras, geslag* en *ouderdom*. Ons sukses hiermee is nie wat ons sou wou hê nie. Dit is ’n feit dat so baie potensiële lede uit die bruin of swart gemeenskap nie lid van die SA Akademie wil word nie of ook dat jonger Afrikaanssprekende akademici nie lede wil word nie. Daarom kom vra ek Akademielede se raad en ondersteuning. Kom sê vir ons wat **u** wil hê ons moet doen. Die blote noem hiervan in my e-nuusbrief van Augustus vanjaar het reeds tot wonderlike terugvoer gelei – een lid het laat weet dat hy dadelik sy agterstallige ledegeld van vier jaar betaal het omdat daar ‘nuut gedink’ word oor en deur die Akademie! En ons het ook goeie voorstelle gekry wat ons beslis gaan opvolg. Maar ek kom vra vanaand vir u as lede: kom hou my en die Raad se hande hoog en help ons om hierdie sake reg te stel. Daaroor kom praat ek en die HUB graag in werksgemeenskaps-verband met u in die nuwe jaar. Ons grootste uitdaging vorentoe bly dus om van hierdie organisasie een te maak wat volledig *inklusief* van die sprekerskorps van Afrikaans is, waar die bindende faktore *Afrikaans*, sy *hoëre funksies* en die *wetenskap* in Afrikaans is. Maar waar gehalte en uitnemendheid ononderhandelbaar is.

Dan kan ek ook rapporteer oor ’n paar van die sake rakende die Akademie se aktiwiteite:

- **Engelenburghuis**: Dié saak begin nou na ’n kant toe beweeg en dit lyk al hoe meer of ons gaan aanbou op die terrein van EH, met die behoud van die oorspronklike fasade van EH. Ons wil hiermee Akademielede ’n kantoor en tuiste gee waarop hulle trots kan wees.

[1] Vanuit Akademiegeledere probeer ons duidelik ‘n ander betekenis aan die woord “transformasie” gee. Die alternatief is ’n nuwe woord hiervoor, soos *vernuwing*. Ons as liggaam span konstant ons denke in om te vernuwe, om denkleiers te wees. Of *vernuwing* wel ’n goeie alternatief vir *transformasie* is, is ’n ope vraag.

Dit moet ook die plek word waar ons as lede tyd saam kan deurbring, waar u ’n koppie koffie kan kry as u kom kuier.

- **ASSAf**: Ons werk tans goed saam met ASSAf en ons sal hierdie verhouding oor die jare uitbrei. Dankie aan ASSAf se bestuur vir die positiewe gesindheid in hierdie verband. Ek herhaal wat ek verlede jaar hieroor gesê het:

  > Die Akademie se krag lê daarin dat hy as 'n nieregeringsorganisasie sy teenwoordigheid kan bly handhaaf en terselfdertyd sy onafhanklikheid kan behou. Die Akademie moet nie van ASSAf afhanklik wees om sy sake te bedryf nie. Hy moet sy eie netwerk opbou en rustig voortgaan met sy wetenskaplike werk. Die buitewêreld neem wel kennis van wat die Akademie doen. Die Akademie sal dus met ASSAf saamwerk waar moontlik, maar sal ook op eie bene bly staan. Die Akademie presteer op sy eie gebied en ASSAf op syne. Ons kan mekaar wedersyds aanvul en daaroor voer ons gesprekke.

  Ervare akademici sal weet dat netwerkskakeling ’n kernfunksie van akademici is en daarom maak ons ernstig werk hiervan. So bv. het ek en die HUB op 3 September in Pretoria ’n byeenkoms van die *Royal Academy of South Africa* bygewoon – en daardeur kontakte gemaak wat ontsettend waardevol is. En in hierdie proses ook gesien het hoe ons dalk anders kan dink oor ons lidmaatskapskategorieë.

- **Internasionalisering**: Ons inisiatiewe hieroor begin nou werklik vrugte dra. Soos u reeds gehoor het via my e-nuusbriewe, is die ooreenkoms met die **KVAB** (Koninklijke Vlaamse Academie van België voor Wetenschappen en Kunsten) in Brussel vanjaar in Mei formeel geteken. Ek teken op 16 Oktober in Gent die samewerkingsooreenkoms met **KANTL**, die Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde. Dit is weliswaar ’n kleiner akademie, maar steeds van groot belang vir die mense wat in die taal- en letterkunde werk.
  Die wyse waarop hierdie ooreenkomste gaan werk, is gister goedgekeur op die Raadsvergadering van die SA Akademie en ons gaan dit binnekort uitstuur na ons lede. Die gesprek met die **KNAW** (Koninklijke Nederlandse Academie voor Wetenschappen) is ook reeds aan die gang. En dr Van Zyl de Villiers, oudvoorsitter, wat vanaf September in Wene by die Internasionale Kernenergieraad werk, gaan die moontlikheid van ’n ooreenkoms met die Oostenrykse Akademie ondersoek. Kom gerus ook met voorstelle oor akademies wat ons moet nader. Ons het gewoon met die akademies in die Lae Lande begin weens historiese redes.
- **Nuwe prys**: U het waarskynlik via die media verneem dat die SA Akademie vanaf 2014 ’n nuwe prys sal hê, naamlik die Deleen Bekker-prys vir Afrikaanse Draaiboeke. Ons hartlike dank aan mev. Bekker vir hierdie borgskap. Dit skep geleentheid vir die erkenning van mense in ’n belangrike bedryf. Ons soek nog befondsing om die geldwaarde van sommige van ons ander pryse te verhoog en daaroor praat ons graag met persone en instansies wat skenkings sou wou maak.
- **Nasionale Spelkompetisie**: Die Akademie tree op as die drywer van wat ons hoop van 2014 af bekend sal staan as die **Groot Afrikaanse Spelfees** (GAS). Verskeie organisasies gaan hieraan meewerk: die ATKV, die US Woordfees se WOW-projek, die SBA, en ook

ander soos ons aangaan. Hiermee begin ons met ’n poging om reeds van laerskoolvlak af kinders se taalvermoë te verbeter deur hulle bewus te maak van die belang van goeie spelling. Die plan is dat hierdie kompetisie jaarliks op TV sal eindig, ooreenstemmend aan die Nederlandse “Groot Dictee”. Die belangrike punt hier is dat die SA Akademie die leiding neem om hierdie projek aan die gang te kry en te stuur.

- **vivA**!: Die SA Akademie is die drywer van ’n projek wat bekend staan as vivA, nl. die totstandkoming van ’n *Virtuele Instituut vir Afrikaans*. Danksy samewerking met die Meertens-Instituut van die KNAW kan ons hierdie projek aanpak. Dit is werklik ’n groot stap vorentoe vir Afrikaans, want hiermee word Afrikaans letterlik met die kliek van ’n muis beskikbaar aan enigeen op enige plek in die wêreld. Die potensiaal hiervan is ongelooflik groot. Ons is opgewonde hieroor en ons hoop ons lede deel die opgewondenheid. Die projekleier, prof. Gerhard van Huyssteen, het juis vandag ’n lesing gegee oor wat dit inhou. Ek dink hiermee sou u gesien het dat die Akademie nou werklik teen ’n spoed die 21ste eeu betree het.

- Ons het pas begin met die proses wat moet lei tot ’n “Internasionale Vereniging vir Afrikaans”. Dit doen ons met die hulp van die buitelandse lede van die SA Akademie. Hier kom ’n groot nuwe inisiatief vir Afrikaans wat ons in staat sal stel om Afrikaans se voetspoor wêreldwyd na te laat.

- Ons gaan in 2104 ’n beraad aanbied oor die stand van Afrikaans as taal in die land en dit raak sake soos: die gehalte van die taal wat ons gebruik as ons ons wetenskap beoefen, Afrikaans as taal in die tersiêre omgewing, ens. U moet asseblief hier kom saampraat.

- Ons **stem** oor sake van belang word tans nie helder genoeg gehoor nie. Dit gaan hier veral oor ons stem wat daarop ingestel is om op grond van ons kundigheid ’n verskil in SA te maak. Gee dus gerus die sake aan die kantoor deur waaroor u dink ons ’n meningstuk moet formuleer. Help u ons om sake te identifsieer waarop ons moet reageer.

So kan ek nog aangaan om te ‘spog’ oor wat ons doen, byvoorbeeld dat die Poort-publikasie van vanjaar af ook in braille beskikbaar is, maar die tyd het my ingehaal. Ek rapporteer samevattend wel met vrymoedigheid die volgende aan u:

(a) dat die SA Akademie se leisels steeds stewig vasgehou word,
(b) dat die Raad hard werk om die doelwitte van die SA Akademie te verwesenlik,
(c) dat die Akademie besig is met ’n verskeidenheid opwindende projekte,
(d) dat ons *nuut* dink oor ons rol in Suid-Afrika,
(e) dat die SA Akademie ’n *positiewe bydrae* tot SA wil maak, en
(f) dat ons sal volhou daarmee ongeag die ‘politieke klimaat’ in die land.

Die Akademie word in hierdie proses beskou as dié liggaam word hom uniek beywer vir die behoud van Afrikaans se hoë funksies, in die besonder die hoë funksies deur die beoefening van die wetenskap in sy wydste beskouing in Afrikaans. Daar is dus 'n plek vir die Akademie en sy lede in SA. Ons het wel ook uitdagings, soos ons finansiële volhoubaarheid en die deurwerk van die transformasieproses op die Akademie en daarvoor vra ons u steun. My

tema vir vanaand was: Hoe lyk ons nou? Ek dink u sal saam met my kan sê dat ons heel goed lyk!

Laastens, dankie aan die personeel van die Akademie wat daagliks so hard werk om ons aktiwiteite aan die gang te hou. Dit is bykans onmoontlik om te dink dat ’n personeel van slegs vyf persone dit alles regkry! Dankie ook aan die lede van die Raad wat so onbaatsugtig hulle tyd en kundigheid afstaan om die Akademie verder uit te bou. Die Akademie bestaan nie uit Engelenburghuis nie, maar uit die **mense** wat woel en werskaf om die Akademie se belange uit te dra. Engelenburghuis is toevallig waar ons kantoor gevestig is, maar daar waar u as Akademielid is, daar is die Akademie ook.

Dankie dat u hierdie geleentheid vanaand bywoon. Dankie ook by voorbaat vir u teenwoordigheid by die res van ons verrigtinge more en more-aand. Kom geniet nou die res van die aand saam met ons.

Dankie dat u geluister het.

16/09/2013